# Hulp en Hoop

Kwartaal 4

DESEMBER 2020


**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

Finansiëel :
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

Administrasie :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

**LERAAR**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845 /
015 491 3539 (h)
**Kantoor-ure 015 004 2630 (jeughuis)**
jacques@ngpottiessuid.org.za

**BESOEK ONS GERUS OP ONS WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za
www.facebook.com/
nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor


## In die uitgawe


IS MY BYBEL BETROUBAAR 2

VERHOUDINGS EN BETROKKENHEID 2

JEUG 3

DANKIE - FINANSIES 4

AKKN - HUIS BOEKENHOUT 4

BELYDENISKLASKAMP EN BELYDENISAFLEGGING 5

GEMEENTEFOTO'S 6


## Kersboodskap

So kom ons aan die einde van 2020. Ek weet nie hoe julle die jaar ervaar het nie, maar dit was 'n baie onseker moeilike tyd. Ek hoor eendag hoe 'n spreker in 'n gesprek sê, COVID maak eintlik die toekoms vir ons baie interessant. Ons gaan die toekoms aanpak soos Christopher Columbus en Vasco Dagama. Ons gaan die nuwe kaarte van die lewe neerpen soos wat ons die nuwe norm gaan ontdek. Daarom moet ons terug kyk in die jaar, oral waar ons gereis het, wat ons behaal het, wat het nie gewerk nie en wat kan ons op voortbou. En dan is dit belangrik vir ons as Christene om die heeltyd te soek, hoe was God teenwoordig in ons reise en ook te weet God is ons rigtinggewer vir die toekoms, God sal ons lei en God se hoop, liefde en genade, is die baken waarop ons gefokus moet bly, dat ons nie verdwaal nie, of voel dat die woeste onsekerheid ons soms insluk nie. Vir jare preek ons die môre is in niemand se hande nie, al wat ons het is die nou en die hier, en hoe moet ons die nou en die hier voluit leef? Vanuit die genade van Jesus Christus. Ons moet die môre totaal aan God toevertrou.

In die grendeltyd, wat ek dink meeste mense gehoop het van korte duur sou wees, het ons met 'n skok agtergekom dat COVID en die gevolge van COVID vir 'n tyd saam met ons gaan wees. In die streng regulasies van grendeltyd, het ons as Christene besef dat ons verantwoordelik is vir die uitdra van die Evangelie, dra van mekaar se laste en die vorm van mekaar se geloof. Daarom het ek en Ds Madelein dagstukkies elke dag met whatsapp na die gemeente gestuur, asook Sondae 'n kort boodskap. Ds Madelein en die Jeugtaakspan het ook binne hulle vermoë die poppekas aangebied. Gemeentelede is telefonies gekontak en sovêr moontlik het ons siekebesoeke, sterftes en nood ook opgevolg. Namate die beperkinge afgeneem het en ons toegelaat was, om met 50 mense eredienste in die sentrum te doen, is eredienste ook op facebook uitgesaai en ons kon weer Bybelstudie hervat. Ongelukkig was begrafnisse en die familie se verwerking van die rou proses baie negatief en traumaties ervaar. Uiteindelik toe ons 250 mense in die erediens kon huisves, kon ons weer begin met musiek en 'n mate van kategese toerusting.

*(artikel vervolg op bladsy 2)*

## DS MADELEIN BAKKER GROET NG HULP EN HOOP

Met Ds Madelein se beroeping na NG Gemeente Bethlehem Oos, laat dit vir ons as gemeente n groot leemte in ons jeugbediening en is dankbaar vir die tyd wat sy diep spore in ons jongmense se lewens kon trap.

Ds Madelein is gevra om 'n klompie herinneringe wat haar sal by bly neer te pen.

*"Daar is soveel goeie herinneringe van NG Hulp en Hoop wat ek altyd in my hart sal saam dra. Ek onthou hoe ek as student twee maal hier kom kuier het as deel van die Bosveldkonsert Toergroep van Universiteitsoord. Ek onthou ook die heel eerste keer wat ek hier kom preek het as deel van my onderhoud. Die hitte teen 17:00 die middag het my verbaas. Tog was dit nie net die fisiese warmte wat my opgeval het nie maar ook die warmte van vriendelike gesigte. Die Tannie by Anlou gastehuis, die musiekgroep, die mense in die onderhoud en die mense wat kom luister het.*

*'n Ander groot mooi herinnering is die basaar van 2019. Wat 'n lekker kuier! Ek kon die kinders leer ken en saam hulle jol! n Paar van die Belydenisklas het kom help met die cupcakes en ons het lekker aan die gesels geraak! Ek het toe alreeds gesien dat Susan en Juanita staatmakers is by die jeug.*

*Ek onthou ook die Kombuistee wat die kerk vir my gereël het. Ek het soveel liefde en opregte opgewondenheid van soveel mense ervaar. Dit was 'n pragtige dag en sowaar een wat ek altyd sal koester. Ek dink ook met 'n glimlaggie terug aan Adriaan wat oor naweke in my kantoor gaan oornag het, voor my troue. Die terrein het werklik al hoe meer soos familie en huis begin voel.*

*Hierdie jaar was die Interhoër werklik vir ons 'n hoogtepunt. Hierdie plattelandse atletiek en wintersport was vir ons onvergeetlik! Ons kon sien die kinders geniet hulle sport, die buitelug, mekaar en die skoolaktiwiteite. Ons kon hier inpas.*

*Soos baie weet, was die Belydenisklas ook 'n baie spesiale herinnering. Ons kon werklik by die Here uitkom en daarom ook werklik bymekaar uitkom. In daardie volgorde. Oppervlakkige verhoudings het plek gemaak vir opregte, diep vriendskappe. Daar is so baie goed om op te noem. Die Jeuggholfdag, die geselsies by Hoërskool Piet Potgieter, die vriendskapsbande, die speletjiesmiddae, die Bybelperiodes en nog vele meer. Al hierdie goed gaan ek saam my dra en my met 'n glimlag daaroor laat terugdink. Die Here het ons sowaar geseën. Groete in Jesus Christus, ons Here. Ds Madelein Bakker"*

Ds Madelein se afskeidspreek het plaasgevind op 6 Desember. Ons wil graag as gemeente die volgende van Numeri 6: 24-26 vir Ds Madelein en Adriaan toebid.

*"Die Here sal vir jou goed wees en vir jou sorg. Die Here sal jou raaksien en jou sy liefde gee. Die Here sal jou goedgesind wees en vir jou voorspoed gee."*











*Kom ons fokus in 2021 op God ons rigtinggewer vir die toekoms, God sal ons lei en God se hoop, liefde en genade, is die baken waarop ons gefokus moet bly, dat ons nie verdwaal nie, of voel dat die woeste onsekerheid ons soms insluk nie. Maak die bekende baken van Sterkrivier "Hanglip" die baken wat ons sal herinner aan God se beloftes*

# Kersboodskap (vervolg)

As ons terugkyk oor die afgelope tyd is dit belangrik om die klein Godsmomente te vier wat suksesvol was. Gemeentelede was in die grendeltyd by projekte betrokke om vir mense in Nood te voorsien. Die begin van die groentetuin om te help met die uitdeel van kos by die kerk aan behoeftige mense. Huis Boekenhout by Abraham Kriel Kinderhuis wie se huis oorgedoen en beveilig is en hoe ons gemeente hulle daarmee kon bystaan.

Ons verskillende aksie wat weer kon hervat, Die Kwarteeuers op Maandae, die Middeleeuers asook die Aksie Jonk van Gees.

Ongelukkig saam met al die hoogtepunte is daar ook minder goeie nuus! Ons groet vir Ds Madelein en haar man Adriaan, wat 'n beroep ontvang het na NG Bethlehem Oos. Van wee ons finansiële posisie kons die gemeente vir Ds Madelein 'n jaar gelede net 'n kontrakpos aanbied, met beperkte vergoedingskale. Die vaste aanstelling by Bethlehem Oos is vir Ds Madelein en haar eggenoot van groot voordeel en ons bid die Here se seën op haar bediening by Bethlehem Oos, dat sy haar gawes en talente tot eer van die Here sal leef ook daar.

Ons wil vir elke persoon wat hierdie jaar bygedra het, kom help het, en betrokke geraak het dat ons as Gemeente kon staande bly en ten volle funksioneer as deel van die Liggaam van Christus, baie dankie sê. Mag u as gemeente hierdie Kersfeestelike tyd die Here se genade beleef en God se geskenk van liefde ontvang en mag die Heilige Gees ons altyd bewus maak van die verbond waarin ons deel.

Groete in Christus Jesus Ds Jacques

# IS MY BYBEL BETROUBAAR?



Soms staan jy voor 'n boekwinkel se rak en staar na die magdom verskillende Bybels – en jy wonder watter een om te kies: die pienke of die groene, 'n ouer vertaling of 'n nuwer weergawe, Afrikaans of Engels. Daar is 'n legio moontlikhede. Hoe kies jy 'n betroubare Bybelvertaling? DEUR JACOBIE M HELENA

Het jy al ooit gewonder watter proses die teks in jou Bybel deurgegaan het voordat dit op jou bedkassie beland het? Ja, dit was inderdaad 'n hele proses. Jou geliefde Bybel, soos al die ander, het nie reguit uit die hemel geval en in jou skoot beland nie. Die teks moes, onder meer, uit die oorspronklike tale vertaal word. Paulus en Moses en Jesaja (en Jesus) het nie Afrikaans gepraat nie, en Engels was immers nie die destydse Israeliete se omgangstaal nie.

Die vraag is: Hoe weet ek die Bybelvertaling wat ek kies om te lees is betroubaar?

"Dit is belangrik om te onderskei tussen kommersiële vertalings en vertalings wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gepubliseer is." Só sê prof Christo van der Merwe, hoogleraar in Hebreeus en direkteur van die Sentrum vir Bybelinterpretasie en -vertaling in Afrika (CEBITA) aan die Universiteit Stellenbosch (US). "Die gehaltebeheer by kommersiële vertalings is meestal nie 'n hoë prioriteit nie en die vertaalproses is van korte duur."

Prof Louis Jonker, professor in Ou Testament aan die US en voorsitter van CEBITA, beaam dit: "Kommersiële vertalings moet dikwels, onder meer weens die befondsingmodel en soms ook vanweë teologiese vereistes, aan bepaalde verwagtings voldoen."

Daarteenoor is vertalings wat deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gepubliseer word onderhewig aan 'n vertalingsproses wat tussen 15 en 20 jaar lank duur. So was dit ook so met die Bybelgenootskap se nuwe vertaling Dr Elmar Cornelius sê "Bybelvertaling is niks minder nie as 'n wetenskap en soos alle wetenskappe behels dit ingewikkelde en omvangryke prosesse wat deur baie faktore beïnvloed word, én wat met baie ander wetenskappe moet tred hou."

"Om mee te begin: Bybellesers moet weet dat Bybelvertalers nié met die oorspronklike tekste werk nie – die materiaal waarop die oorspronklike tekste geskryf is, het doodgewoon nie die tyd oorleef nie. Daarom is hierdie tekste gedurig gekopieer en moes dit gereeld vervang word. Die kopiëring was natuurlik ook nodig sodat die tekste in die destydse wêreld versprei kon word.

"Die noodwendige gevolg was dat daar kopiëringsfoute ingesluip het; soms het die kopieerders sommer hul eie korreksies aangebring! Wat dus vir Bybelvertalers oorgebly het, is kopieë van kopieë van kopieë … "Bybellesers weet ook dat die Bybel oorspronklik in Hebreeus en Aramees (die Ou Testament) en in Grieks (die Nuwe Testament) geskryf is. Taalwetenskappe ontwikkel voortdurend, en só neem Bybelvertalers se kennis van hierdie grondtale ook toe. Dit maak voortdurende Bybelvertaling noodsaaklik."

Die Bybel is natuurlik ook nie in (en vir) een-en-twintigste eeuse Suid-Afrika of in (en vir) hedendaagse Amerika geskryf nie. Cornelius sê: "Die Bybelse tekste het in antieke kulture ontstaan. Daarom moet Bybelvertalers hulle voortdurend vergewis van nuwe kennis op hierdie gebied, en ook dit kan die vertalings beïnvloed. Hoe meer daar van die antieke kulture ontdek word, hoe meer moet dit in die vertaling verreken word. "Voeg hierby die steeds ontwikkelende dissiplines van vertaalteorie en vertaalmetodiek, en jy besef: Bybelvertaling is nie 'n lukrake proses nie; dit is 'n wetenskap."

**Uiteindelik: die Bybelleser**

Jonker sê: "Bybelvertalers doen wat die Here hulle gegee het om te doen, en met die toerusting wat Hy tot hul beskikking gestel het: om deeglike taalkundiges, letterkundiges, Bybelwetenskaplikes te wees. Dit is nou die lidmate se verantwoordelikheid om met die hulp van die Gees met die Bybel om te gaan. "Dit is hulle en hul openheid wat sal bepaal of die Bybel vir hulle geloofsversterkend is of nie. Jy kan nie van 'n Bybelvertaler verwag om só te vertaal dat mense sal glo nie."

**'n Betroubare, geïnspireerde Bybelvertaling?**

Prof. Jonker sê 'n betroubare Bybelvertaling moet die antieke teks vir mense in hul moedertaal toeganklik maak. "Eksegese en hermeneutiek gaan wel 'n ent verder, maar dit wil ook 'n brug slaan na die kontekste waarin die Bybel gelees word. En hier speel mense se persoonlike oortuigings oor die Bybel 'n deurslaggewende rol.

"Die Bybel funksioneer op 'n eiesoortige manier in die onderskeie geloofsgemeenskappe. Mense word op verskillende maniere met die Bybel gekonfronteer, en daarom is daar uiteenlopende idees oor wat met 'inspirasie' bedoel word wanneer die Bybel ter sprake kom. "Die vraag of die Bybel as die Woord van God beskou word, rus egter nie op die skouers van vertalers en eksegete nie, maar op dié van die onderskeie kerklike interpreteerders. Laasgenoemde moet hulle altyd die vraag afvra of hulle die Bybel op 'n verantwoordelike wyse in hul eie tradisie interpreteer."

Hier is 'n gedeelte van 'n artikel wat geplaas is in die Lig Tydskrif.

Lees gerus die volledige artikel op webblad https://lig.christians.co.za/is-my-bybel-betroubaar/





# VERHOUDINGS, BETROKKENHEID EN UITREIKE

Ten spyte van 'n uitdagende jaar in talle opsigte gee ek graag terugvoer dat die VBU - aksie op baie gebiede goeie vordering gemaak en heelwat bereik het.

Hoogtepunte sluit in die **Emosionele Selfreguleringsgroep, Abraham Kriel Kinderhuis, Dienssentrum en Kweekhuis,** om 'n paar te noem.

Ons sien ook uit na 2021 met heelwat nuwe voorstelle en projekte wat ondersoek gaan word en hoe dit geïntegreer kan word met bestaande projekte tot aanvulling en verbetering van die aksie in geheel.
Baie dankie vir almal se deelname en bereidwilligheid en ons vertrou dat die VBU - aksie in 2021 net nog beter en sterker sal funksioneer.

Leon Koekemoer.

## JEUG EN KATEGESE

Almal sal saam met ons stem dat die jaar ons anders leer dink het en ook baie meer uitdagend was, veral rondom ons kategese en die maniere van bediening aan ons jongmense.

Met die Covid-19 inperkings wat stelselmatig gelig is, was daar besluit om te begin met gesamentlike jeug byeenkomste op Sondag-oggende vanaf 4 Oktober 2020, aangesien ons nie met volle kategese kon aangaan nie agv beperkinge van 250 persone tydens eredienste.

Die junior jeug (voorskool tot Gr.6) het in die jeughuis bymekaar gekom waar daar gesing was en 'n kort boodskappie en selfs poppekas aangebied was, terwyl die senior jeug (Gr.7 tot Gr.10) het in die gemeentesentrum agter gebly het, waar met hulle ook gesels was.

Informele aanddienste en JA–Aande het hervat met goeie bywoning. Die jongmense het lekker volleyball , Ninja en "Spy Game" gespeel en lekker saam gekuier in die Jeughuis.

Ons kon ongelukkig nie 'n gewone dankie-sê geleentheid op 8 November 2020 hou nie, maar daar was lekker roomyse aan die kinders uitgedeel. Ons kon ook ongelukkig nie 'n prysuitdeling hierdie jaar hou nie, maar daar word groot dinge beplan vir volgende jaar.

Laaste maar tog ook 'n groot hoogte punt was die "Revamp" van die Jeughuis. 'n Klompie van ons Jeug Taakspanlede het gedurende die strenger inperking besluit om bietjie veranderinge aan te bring by die jeughuis. Daar is geverf en die poppekas is ook oorgedoen. Ons is tans nog besig met die finale afrondings en afhandeling.







## JEUG GHOLFDAG

Ons was baie bevoorreg om ons Jeug Gholfdag te kon hou op 31 Oktober 2020 en dit was 'n groot sukses en die opkoms was ongelooflik goed. Almal het die dag saam geniet en gekuier. Ons kan nie genoeg dankie sê vir elkeen se bydrae daarmee nie.












## JEUG AFSLUITING EN GROET VAN DS MADELEIN

Sondag 6 Desember 2020 het die jeug 'n saamkuier geleentheid gehad, waar ons ongelukkig vir oulaas saam met ds Madelein en Adriaan gekuier het.





# HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK



> *"Fillipense 2:13 "want dit is God wat Julle gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer."*

## *Dankie*

**Covid19...** 'n woord wat almal laat frons. Alles is die afgelope paar maande omvergegooi in die wêreld, ons land en self in ons gemeente. Geen projekte, kampe, golfdae of basaar kon gehou word nie. Ewe skielik is daar geen eredienskollekte nie.

Baie mense het hul werk verloor, ander het net 'n gedeelte van hulle salarisse gekry.

Daar staan geskrywe in Habakuk 3 :17

"Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie ..., nogtans sal ek jubel in die naam van die Here." Ons Here het in mense se harte gewerk en die werk van die gemeente kon sonder onderbreking voortgaan. Alle verpligtinge is nagekom en daarom sê ons dankie!

*Ons sê Dankie* - aan ons hemelse Vader vir alles wat ons uit Sy hand ontvang het.
*Ons sê Dankie* - aan ons lidmate wat positief steeds in hierdie moeilike tye hulle bydraes gegee het.
*Ons sê Dankie* - aan verskeie lidmate wat eenmalige skenkings gemaak het.
*Ons sê Dankie* - dat ons weer kon begin het met beplanning vir fondsinsamelings om brood nodige fondse te genereer. Dankie aan almal wat wit olifant items en klere gebring het. Suksesvolle verkopings het reeds plaasgevind. Dankie aan 'n ywerige komitee wat 'n uitstekende Jeug Gholfdag af gebring het!
*Ons sê Dankie* - vir lidmate wat betrokke is by die groetetuin projek, waarmee ons kan help om vars groente aan behoeftiges te voorsien.
*Ons sê Dankie* - vir lidmate wat steeds in moeilike omstandighede bereid is om ywerig vir die koninkryk van ons Here te werk.

## ABRHAM KRIEL KINDERHUIS - HUIS BOEKENHOUT







Munro Deysel berig oor die gebeure rondom die Abraham Kriel Kinderhuis en veral oor Huis Boekenhout waar ons as gemeente betrokke is.

As gevolg van al die donateurs en skenkings van die Kerke en gemeenskap, voed die Kinderhuis meer as 180 kinders elke liewe dag . Ons gee God die krediet dat Hy in mense se harte werk, wat omsien en sorg vir hierdie kinders wat uit baie moeilike omstadighede daar beland .

Wat Huis Boekenhout (ons kerk se huis) betref gaan dit baie goed met die seuns en ons Huis Ouers Kobus en Annemarie!

Covid-19 het ons almal hard getref en so ook die Kinderhuis . Al die huis ouers was langer as 6 maande gestrand saam met die kinders in die huise sonder om die perseel te verlaat of om hulle geliefdes te besoek!

Die goeie nuus saam met die slegte is... dat Huis Boekenhout heeltemal oor gedoen is aan die binne kant en strukturele reperasies is ook aan gebring. Met die bou en breek het dit beteken dat die seuns vir die tydperk by die Weesgerus Vakasie oord in Nylstroom in Tente gebly het. Dit was vir ses weke lank! Die tent verblyf en ongerief was absoluut die moeite werd gewees ! Nuwe teels is gelê, badkamers en storte is oorgedoen. Saam met dit het die seuns nuwe beddens en matrasse ook gekry.

Die gesigte was vol glimlaggies toe hulle weer by hulle huis intrek na die ses weke in tente .

Alle EER aan God wat sy Hand oor hierdie kinders hou en altyd vir hulle sorg.

Munro Deysel











### Geseënde Kersfees

Die seuns van Huis Boekenhout het ons gemeente besoek op 22 November waar ons saam met hulle 'n kerspartydjie gehou het, voor die seun vir die vakansie terug gaan na hul ouers ens toe.

Van ons jongmense (Belydenisklas ens) het ook kom saam kuier en speel terwyl daar 'n lekker vleisie gebraai is.















# Belydenisklas-kamp

Ons was so dankbaar toe ons hoor dat dit moontlik sal wees om voort te gaan met 'n Belydeniskamp. Die kamp was 'n groot avontuur en lekker om bietjie uit die dorp te kom en op 'n plek te wees waar ons jongmense lekker kon saamkuier.

Vrydagmiddag is begin met bietjie speletjies en daarna is die eerste werksessie begin waar die 4 vrae van rondom die belydenisaflegging behandel. Die aand is afgesluit saam met Adriaan Bakker wat ons bietjie meer vertel het van die hemelruim en ons gedagtes gelei om net weer te besef hoe groot dit is. Ds Madelein het ons weer laat besef hoe lief God ons elkeen het en al is ons so klein teenoor die heelal, hou God elkeen van ons vas en ken ons op die naam.

Saterdagoggend is afgeskop met 2 sessies. Die een-groep het met die Labarint begin. Die Labarint word 'n metafoor vir ons lewe en ons kon dink oor die tye wat ons naby aan God voel, tye wat ons ver weg voel, tye wat ons ons rug op God draai, tye wat daar dorings in die pad is en tye wat ons weer by die voete van Jesus uitkom. Die jongmense het die geleentheid gehad om in die middel van die Labarint, by 'n kruis rustig te word, te kniel of te bid. Die jongmense het ook baie lekker oor hulle belewenisse daar van en hulle verhouding met God gesels.


Die andergroep het 'n video gekyk wat gaan oor die tye in ons lewe wat ons droogmaak en Rob Bell herhinner ons in hierdie video dat God se liefde vir ons dieselfde bly. Sy arms is altyd wawyd oop om ons terug te verwelkom. Niks kan ons van Sy liefde skei nie.

Die middag was daar individuele gesprekke tussen die jonmense en met lede van die kerkraad. Susan Fourie, Tanja Pretorius, Kpl. Dawie en Wicus Prozesky (saam Adriaan Bakker). Gedurende die tyd het die ander jongmense lekker geswem en gekuier in die natuur.

Die Saterdagaand was 'n geestelike hoogtepunt. Vier geestelike stasie is ingerug.
***Eerste stasie*** was 'n Doopbak met 'n klippie in -. Elke jongmens kon 'n klippieuithaal om hulle daaraan te herhinner dat die Here hulle gemaak het, uitgekies het en baie liefhet.
***Die tweede stasie*** was 'n plek waar hulle 'n kersie kon aansteek vir iets of iemand waarvoor hulle wou bid.
***Die derde stasie*** was by die vuur. Daar kon hulle op papiertjies neerskryf waaroor hulle slegvoel en dit aan die Here oorgee deur dit in die vuur te gooi. So is hulle daaraan herhinner dat die Here hulle heeltemal vergewe.
***Die laaste stasie*** was by die kruis waar hulle hulle harte voor die Here uitstort en hulle lewe weer opnuut voor die Here neerlê. Hierdie geestelike ervaringe het die jongmense gehelp om nie net die Here met kopkennis te verstaan nie maar ook om die Here as 'n werklikheid in hulle eie lewe te ervaar.

Die naweek is afgesluit met 'n Sondagdiens geleie deur Kplna Dawie. Die Belydenisklas het die aanddiens op 'n treffende en spesiale manier gelei.

'






# Belydenisaflegging

TEMA : Hou jou oë op Jesus! Mat. 14 : 24 - 33






Jongmense wat op 1 November Belydenis van hul geloof af gelê het

Adrea Coetzee
Deville Erasmus
Garduan Francis
Mieke Greyling
Adrian Hurn
Roché Jooste
Johan Kotze
Mulder Kotze
Nico Lebepe.
Eduané Naudé
Mia Olivier
Flippie Pretorius
Michaela Stols
Russell Strauss
Altus Van Der Merwe
Janco Van Niekerk
Jolien Venter
Pietie Vogel
André Weideman
Johanco Welgemoed
Dean Williams



'


Aksie Jonk van Gees
Jaar afsluiting
Pannekoekbak by
die ouetehuis
Kerssangdiens
by Gholfklub
Middel-eeuers
afsluiting
Kerkraad en Ring se afskeidsfunksie
saam met ds Madelein en Adriaan